**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2022: VOORTGESETTE POSITIEWE VENNOOTSKAPPE VIR 'N MENSWAARDIGE TOEKOMS

## NOTULE VAN DIE SPESIALE HIBRIEDE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 01 MAART 2022 OM 12:00 VANAF PIKETBERG.

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdh. A de vries | [DA] | | |
| Rdl. A du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | *(virtueel ingeskakel)* |
| Rdl. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | |
| Rdl. RL Laubscher | [PA] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste *(virtueel ingeskakel)* |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. VW Felton | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. D Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. C Cornelissen | : | Hoof: Verkeersdienste |
| Mev. C Rana | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. M Mseleni | : | Assistent: Interne Ouditeur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

**LEDE VAN DIE PUBLIEK**

| | |
|---|---|
| Mev. M Goosen | Die Piketberger Koerant |

***

**AKSIE**

**RVN001/03/2022**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Die Speaker verwelkom almal by die vergadering, waarna hy die vergadering open met gebed.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die media teenwoordig asook die publiek wat ingeskakel is op die "YouTube" platform.

***

**RVN002/03/2022**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Geen

***

**RVN003/03/2022**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/03/2022**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN005/03/2022**
**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERINGS</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN006/03/2022**
**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN007/03/2022**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

Die Munisipale Bestuurder stel die nuwe Interne Ouditeur bekend aan die Raad en wens haar alle sterkte toe met haar loopbaan by Bergrivier Munisipaliteit. Sy bedank die Assistent: Interne Ouditeur dat hy waargeneem het tydens die aanstellingsproses.

Die Speaker doen die volgende mededeling:

Die Speaker verwelkom mev. C Rana die nuutaangestelde Interne Ouditeur by haar eerste Raadsvergadering.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/03/2022**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN009/03/2022**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN010/03/2022**
**DRINGENDE SAKE VANAF DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**RVN011/03/2022**
**MISDAADSITUASIE IN BERGRIVIER**

Die Speaker lei die item breedvoerig in. Die onderskeie politieke verteenwoordigers lewer hul betoog en veroordeel ten sterkste die huidige vlak van misdaad in die Bergrivier Munisipale area.

Alle verteenwoordigers versoek dat alle rolspelers hul deel doen ten einde toe te sien dat misdaad in die Bergrivier Munisipale area bekamp word. Daar word ook versoek dat Provinsiale en Nasionale departemente ingryp deur die te kort aan die werksmag van die Suid-Afrikaanse Polisiediens binne die Bergrivier Munisipale area aan te spreek.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank alle rolspelers, organisasies en departemente vir hul bydrae tot die bekamping van misdaad.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat alle verteenwoordigers van politieke partye hul openlik distansieer van enige vorme van misdaad;

2. Dat die Raad `n dringende Misdaad "Summit" reël teen einde April 2022, onder leiding van die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels van Gemeenskapsdienste;

3. Dat Bergrivier Munisipaliteit 'n skrywe rig aan die President van Suid-Afrika, die Nasionale minister van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die Premier van die Wes-Kaap insake die tekortkominge van die Suid-Afrikaanse Polisiediens in die Bergrivier Munisipale gebied wat hul verhoed om hul rol te vervul;

4. Dat die PR raadslede en Wyksraadslede van Bergrivier Munisipaliteit in samewerking met die plaaslike Gemeenskaplike Polisiëringsforums en wykskomitees, straatkomitees in elke dorp instel en dat die Strategiese Dienste departement hulp verleen met die organisering daarvan;

5. Dat kameras as 'n prioriteit item gelys word tydens die begrotingsproses, vir installering by die verskillende "hotspots";

6. Dat Bergrivier Munisipaliteit in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisiediens die donker areas identifiseer vir aanbring van beligting;

7. Dat Bergrivier Munisipaliteit se Voldoeningsbeampte in samewerking met Wes-Kaap Drankraad, drank offisiere van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die omgewingsgesondheidsafdeling van Weskus Distriksmunisipaliteit die drankwet en ander landswette toe pas op alle kroeë in Bergrivier Munisipaliteit; en

8. Dat die Portefeulje Voorsitter van Gemeenskapsdienste en die Direkteur Gemeenskapsdienste die Misdaad "Summit" konsulteer en daaruit programme en aksies fasiliteer.

***

***Die Speaker bedank alle Raadslede vir hul bydrae en moedig alle gemeenskappe aan om by hul plaaslike buurtwagte aan te sluit om hul dorpe terug te neem van misdadigers af.***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 13:05***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________ ________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***